

LESPLAN

LEERPROGRAM: GELETTERDHEID

KONTEKS - DIT IS EK

GRAAD 2

TYDSDUUR: 11 WEKE

GESELLEKTEERDE LU'S & ASS	LEERAKTIVITEITE	HULPMIDDELS
<p>HUISTAAL</p> <p>FAT 3 LU1: LUISTER</p> <p>ASS 1: Luister vir n langer tydperk aandagtig en reageer op n stel ingewikkelder instruksies</p> <p>FAT 3 ASS 2: Toon gepaste luistergedrag deur respek vir die spreker te toon, beurte te neem om te praat, vrae te stel om duidelikheid te verkry en, indien gepas, kommentaar te lewer op dit wat gehoor is</p> <p>ASS 3: Luister met genot na stories, gedigte, liedjies en ander mondelinge tekste en toon begrip en toon begrip: ASS 3.1 Luister vir die onderwerp of hoofidee ;</p>	<p>Ek ontdek meer oor families en my regmatige plek in die familie opset</p> <ul style="list-style-type: none">• Lees n storie verduidelik die woorde/konsepte wat in vetgedruk is• Leerlinge praat oor hulle families• Bespreek familie foto's – beklemtoon familiewaardes – familie komponent: enkelouers, geskeide ouers – die aantal familielede; die oudste en die jongste <p>KLANKBEWUSTHEID</p> <ul style="list-style-type: none">• Gehoor diskriminasie – noem twee klanke wat baie dieselfde klink	<p>Boeke:</p> <p>Storieboeke Gedigte Woordeboeke Tydskrifte Koerante Werkboeke Advertensies/pamflette Prente Foto's Almanak</p>

<p>ASS 3.3 Voorspel wat gaan gebeur ASS 3.5 Beantwoord vrae oor mondelinge teks.</p> <p>FAT 1</p> <p>LU2: PRAAT</p> <p>ASS 1: Gesels oor persoonlike ervarings en algemener nuusgebeure ASS 4: Neem deel aan klas- en groeppesprekings ASS 4.2 Neem beurt en stel gepaste vrae ASS 4.3 Stel idees voor en brei daarop uit ASS 4.4 Toon sensitiviteit vir ander se regte en gevoelens ASS 4.6 Stel vrae om inligting en duidelikheid te verkry ASS 4.7 Beantwoord vrae en gee redes vir antwoorde</p> <p>FAT 3</p> <p>ASS 6: Gebruik gepaste taal vir verskillende doeleindes (soos verskonings, uitnodigings) en met verskillende mense (voer onderhoude, doen rolspel)</p> <p>FAT 1 & 3</p> <p>ASS 7: Gebruik gepaste volume en intonasie – praat bv. Saggies met n maat in die klas en harder op die speelgrond</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Gehoorgeheue – flits n kaart en neem vinnig weg. Lle moet ten minste drie klanke kan onthou • Skryf n woord uit die leesles op die skryfbord: Lle moet woord in hul boek onderstreep. Dan kyk lle hoeveel keer die spesifieke woord voorkom en onderstreep telkemale die woord • Vaslegging; Noem 3 – 4 woorde – lle moet woord wat nie pas nie, uithaal bv. Appel, perske, bal • Sê n woord en los die eindklankie – lle skryf die woord in hulle boeke, bv. Wolwolk • Woordbou: Noem n woord wat n enkelvoudige klank is, bv. Kat, mot. Lle herhaal die woorde en skryf dit in hulle woordeboeke • Woordbou: Flits woode en lle bou sinnetjies met hulle klankkaartjies. • Flitskaarte wat ooreenstem (bymekaar pas) bv. Sien, hoor, ruik – lle skryf dit in woordeboekies – kan ook ‘snap’ met hul klankkaarte speel saam met n maat <p>LEES – HUISTAAL</p>	<p>Prentereeks Konkrete voorwerpe</p> <p>Plakkate Woordkaarte Verjaardagkaarte Weerkaarte Alfabetkaarte Skrif: patroonkaarte</p> <p>Skryfbord Kryt TV Video opnemer Bandmasjien</p> <p>Sinstroke Groot flitskaarte ‘Snap’ kaarte Woordkaarte vir toevallige lees Sigwoorde Inkleurkryte</p>
--	---	---

<p>LU 3: Lees en kyk ASS 2: Skep betekenis uit geskrewe teks ASS 2.1.1 Beskryf die hoofgedagte ASS 2.1.2 Identifiseer kernbesonderhede (soos hoofkarakters, volgorde van gebeure, ruimte/agtergrond) ASS 2.1.5 Maak gevolgtrekkings ASS 2.2 Lees eenvoudige instruksies in die klaskamer</p> <p>FAT 2 & 4</p> <p>ASS 3: Herken en skep betekenis uit letters en woorde in langer tekste ASS 3.1 Lees met toenemende spoed en vlotheid ASS 3.2 Lees hardop en gebruik die korrekte uitspraak en gepaste klem ASS 3.3 Gebruik klank en ander woordherkennings- en begripsvaardighede soos klanke, kontekstuele leidrade en maak voorspellings ten einde n teks te verstaan ASS 3.4: Gebruik selfkorrigeringsstrategieë soos herlees, pousering, die oefen van woorde voor hy/sy dit hardop sê</p> <p>ASS4: Ontwikkel klankbewustheid ASS4.1: Herken vokaalklanke wat uit twee letters bestaan, soos in “moet”, “deur” en diftonge, soos “ou”, “ei” en “ui” ASS 4.3: Herken die eerste klank en laaste deel van die lettergreep in meer komplekse patrone, soos</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Hersiening: - Flits bekende woorde vinnig en lle moet so vinnig as moontlik die woorde lees • Gehoordiskriminasie – lle moet drie woorde in n paragraaf in die leesles omsirkel – hulle sê dit in dieselfde volgorde as wat hulle gehoor het • Oefen asembeheer by n punt en komma – beklemtoon ook hoe hard of sag gepraat moet word wanneer ons bv. n gesprek met iemand voer • Groeplees – lle neem beurte om te lees en maak gebruik van kommas. n Ander groep luister om seker te maak dat eerste groep leestekens korrek interpreteer • DROP ALL AND READ – moet daagliks gedoen word <p>GROEOPLEES – lees vir en dan saam met die klas</p> <ul style="list-style-type: none"> • Bestudeer buiteblad van storieboek, dui titel en die outeur se naam aan • Vra vrae oor die storielyn • Vra lle om te voorspel wat in die storie gaan gebeur • lle word gevra om saam te 	
---	--	--

<p>“dr-oom”, “str-oom” ASS4.5 Herken bekende rymwoorde, soos “raai”, “saai” en “laai” ASS 4.6 Herken n toenemende aantal hoëfrekwensie sigwoorde</p> <p>ASS 5: Lees vir inligting en genot ASS 5.1 Lees prentboeke en eenvoudige stories van eie keuse</p> <p>FAT 2 & 4</p> <p>LU 4: SKRYF</p> <p>ASS 2: Gebruik pre-skryfstrategieë om n skryfstuk te begin ASS 2.1 Neem deel aan dinkskrum-aktiwiteite om idees vir skryf te kry ASS 2.3 Kies n onderwerp met persoonlike betekenis om oor te skryf</p> <p>FAT 2 & 4</p> <p>ASS 6: Bou woordeskat op en begin woorde spel sodat ander dit kan lees en verstaan 6.2 Spel algemene woorde korrek</p> <p>ASS 7: Gebruik gepaste grammatikale strukture en skryfkonvensies en skryf sodat ander kan verstaan ASS 7.1 Gebruik skryframe vir verskillende soorte</p>	<p>lees, prys lle maar moenie hulle in die rede val nie</p> <ul style="list-style-type: none"> • Aan die einde van die storie - vra lle om hul eie menings te lug • Gebruik storielyn om ander aktiwiteite te beplan • Dramatiseer storie- lle vertolk rolle bv. n gelukkige persoon, n hartseer persoon • lle teken die gedeelte wat hulle die meeste geniet het • Onderwyseres gee sinstroke aan lle en vra lle om dit in die regte volgorde te sit <p>NUUS – uitbreiding van graad 1 aktiwiteite</p> <ul style="list-style-type: none"> • Praat oor spesiale gebeurtenisse • Feesdae en publieke vakansiedae <p>HANDSKRIF</p> <ul style="list-style-type: none"> • lle oefen voorgeskrewe patrone • Klein- en hoofletters • Verseker korrekte potloodgreep, sitposisie en posisie van boek • Onderstreep, vee uit sonder om bladsy te skeur 	
--	---	--

<p>sinne en teksstrukture</p> <p>FAT 2 & 4</p> <p>Ass 7.2 Gebruik basiese puntuasie (hoofletters en punte) ASS 7.3 Eksperimenteer met verskillende leestekens soos uitroepetekens en/of vraagtekens</p> <p>FAT 2 & 4</p> <p>LU 5: DINK EN REDENEER</p> <p>ASS 2: Gebruik taal om te dink en te redeneer ASS 2.1 Verstaan en gebruik taal vir logika en redenasie, soos vir oorsaak en gevolg, logiese volgorde ASS 2.3 Identifiseer ooreenkomste en verskille (soos “net soos”, “eenders”, “anders as”) ASS 3: Gebruik taal om te ondersoek ASS 3.1 Stel vrae en soek verduidelikings; verskaf oplossings en alternatiewe</p> <p>FAT 2 & 4</p> <p>Ass 4: Verwerk inligting ASS 4.1 Kies spesifieke inligting uit n teks en verwerk dit</p> <p>LU 6: TAALSTRUKTUUR EN –GEBRUIK</p>	<p>SKRIFTELIKE WERK</p> <ul style="list-style-type: none"> • Skryf sinne oor(gee leiding) • Lle skrywe oor persoonlike gebeure • Lle skryf sinne in die korrekte volgorde • n Paragraaf met spelfoute en foutiewe leestekens op skryfbord – lle korrigeer dit en skryf korrekte paragraaf in skryfboek LW: 1) foute met hoofletters en punte 2) spelfoute 3) grammatikale foute <p>HOë FREKWENSIEWOORDE</p> <p>Onderwyser gee. Lle maak sinne. Maak gebruik van lees/hoë frekwensiewoorde/tema/kontekswoorde</p> <p>Onderwyseres dikteer woorde en lle skryf die woorde - gebruik hoë frekwensie - woorde en klanklys</p>	
--	--	--

ASS 1: Bring klanke in verband met letters en woorde

ASS 1.1 Gebruik klanke om minder bekende woorde te spel

FAT 2 & 4

ASS 2: Werk met woorde

ASS 2.1 Spel bekende woorde korrek

ASS3: Werk met sinne

ASS 3.6 Gebruik skryfkonvensies korrek: die punt, vraagteken en die komma

INTEGRASIE

Kuns en kultuur

LU 1: ASS 2

Lewensoriëntering

LU 1: ASS 1

LU 3: ASS 1, 2, 3

Wiskunde

LU 4: ASS 2, 4, 5

Sosiale Wetenskappe (Geskiedenis) LU 3: ASS 1,2,3		
---	--	--

BESONDERHEDE VAN ASSESSERING
LEERPROBLEME
REFLEKSIE